

20 Julie

Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:5–10

My lewe – in God se lig!

Op baie plekke in die Bybel word die beeld van lig gebruik om ons as gelowiges te tipeer (byvoorbeeld Matt 5:14–16, Ef 5:8, 1 Tess 5:5). Lig staan direk teenoor duisternis. Lig en duisternis deel niks gemeenskapliks nie.

Gelowiges is mense van die lig, ongelowiges/goddelose is mense van die duisternis. God is lig, die Duiwel is geheel en al duisternis. Om nie te sondig nie, is om in die lig te wees, daar waar almal jou lewe kan sien en met vrymoedigheid kan beoordeel. Om te volhard in sonde, is om in die donker voort te ploeter, te bang en skaam dat iemand anders sal weet of agterkom waarmee jy besig is.

‘n Gelowige se lewe lyk dus anders as die lewe van ‘n ongelowige. God, wat alles sien en weet, kan dit die beste beoordeel. Hoe lyk jou lewe vir jouself? Lewe jy in die lig of in die duisternis? Of dalk in die skemer, terwyl jy jou wil troos dat jy nie heeltemal in die duister is nie? Hoe lyk my lewe in die openbaar, vir God en vir ander? Hoe lyk my lewe wat ander mense nie van weet nie, maar wat ons tog glad vir God kan wegsteek nie? Alles wat in die duister is, sal geopenbaar word!

Wanneer ons die donker in ons lewe aanhou vertroetel, kan ons nie gemeenskap met Christus wil hê nie. Nou is die tyd vir bekering en sondebelydenis. In Christus is daar altyd volkome vergiffenis en Hy laat die helder lig van sy genade deur die troos van die Heilige Gees weer in ons lewens skyn.

Hieraan kan ons vashou in die wete dat daar eenmaal niks meer in die donker sal wees nie!

Sing: Psalm 1 Ds LSD du Plessis (Delmas)